

**30 Januarie**

**Skrifgedeelte: Genesis 7:1-8:22 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Genesis 8:16-22**

### **‘n Lieflike geur**

Vir God is dankbare gehoorsaamheid ‘n lieflike geur. Noag het geglo, daarom was hy gehoorsaam aan die opdrag van die Here. Hy het die ark gebou, die rein diere laat ingaan en daarna met sy gesin ingeklim. Die Here het self die ark toegesluit en die sluise van die hemel oopgetrek. Alles sterf in die watervloed. So was God die slegte reuk van sonde weg. Eindelik breek die dag aan waarop Hy die ark weer oopsluit.

Noag het eerste “...vir die Here ‘n altaar gebou en van al die rein diere en al die rein voëls geneem en brandoffers op die altaar gebring” (Gen 8:20 OAV). Wat ‘n kosbare offer! Daar was net sewe paar van elke soort rein dier op aarde oor. Dit keer Noag nie om sy dankbaarheid vir die groot verlossing te bewys nie. Die dankbare gehoorsaamheid was vir God ‘n aangename geur. God weet egter dat die aangename geur nie vir altyd sal voortduur nie, want die mens bedink net slegte dinge. Tog sou God die slegte reuk van sonde nie weer op dieselfde manier uitwis nie. Dan sou daar kort-kort ‘n sondvloed moes wees. Nee, God werk in die toekoms anders.

Hy gee sy eie Seun om die slegte reuk van sonde vir altyd uit te wis. Jesus doen dit deur met sy bloed die sondeskuld te betaal. Die Heilige Gees gee aan ons nuwe harte, sodat ons dankbare gehoorsaamheid soos ‘n lieflike geur na God kan opstyg. Laat jou gehoorsaamheid en dankbaarheid vandag ‘n lieflike reukoffer vir die Here wees.

Sing: Psalm 20:3

Ds AP Krüger (Postmasburg)